## 14 Junie — Handelinge 1:1-8

### *U vir ons, of - ons vir U?*

Die boek Handelinge is Lukas se tweede boek. Die eerste is sy beskrywing van die Evangelie wat strek vanaf Johannes die Doper se geboorte tot met Jesus Christus se hemelvaart. Dit handel oor alles wat God "...vir ons..." gedoen het. In hierdie tweede boek van hom begin hy by die hemelvaart. Waarom?

Omdat die hemelvaart so duidelik 'n nuwe fase in die geskiedenis van God se verlossingsplan sou inlui. Die dissipels is steeds nog in die verwagting van 'n "...U vir ons..."-godsdiens (vers 6). Hulle het steeds nog in hulle lewe gefokus op dit wat Jesus Christus nóg vir hulle, in tydelike en aardse terme, gaan doen. Dit sou egter voortaan heeltemal anders wees. Diegene wat deur Jesus Christus verlos is se godsdiens gaan ingrypend verander. Dit gaan nou 'n "...ons vir U..."-godsdiens word.

Deur die krag van die Heilige Gees gaan Jesus Christus se verlostes nou sy wêreldgetuies word. Hulle gaan nou vir Hom lewe en vir Hom getuig. Die boek Handelinge is dan ook die geskiedenis van hoe die eerste Christene daadwerklik van 'n "ontvang"-godsdiens na 'n "diensbaar-wees"-godsdiens verander het.

Ons kerkwees en godsdiensbelewing sentreer vandag ook hoofsaaklik rondom die verkondiging van die Evangelie (dit wat God reeds in Jesus Christus "vir ons" gedoen het). In ons lewe van elke dag is ons in dieselfde aardse worsteling van die dissipels (vers 6) vasgevang.

Mag die Here ons kragtig van bo toerus dat ons hele lewe van 'n "...U vir ons..."- godsdiens, na 'n "...ons vir U"-diensbaarheid sal verander.

Sing: Skrifberyming 24:6 — Ds. I.W. Ferreira (Magol)